

Sing vooraf staande: Psalm 145:5 (p. 696)

- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1 (157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

Psalm 118:2 (p. 575)

- 2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 47:3 (p. 241)

- 1 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

Skriflesing: Maleagi 4

Teks: Maleagi 4:5, 6

**Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here
aanbreek. En Hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart
van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die
banvloek te tref nie.**

Maleagi 4:5, 6 (AFR1953)

Dit is 'n baie groot kuns om in jou lewe so eerlik te wees dat jy jou eie sondeverlorenheid beleef. En
om dan in jou nood jou deur die Heilige Gees en deur God se Woord te laat lei om die Here te
ontmoet op die dag wanneer Hy sy oordeel voltrek.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die Here se opdrag oor die wet en sy belofte oor Elia.

Op die dag van die Here staan ons voor sy troon in die oordeelsaal.

- Ons het reeds gesien dat die wat nie reg gelewe het nie, dit in daardie oomblikke baie benoud het.
- Hoe moet 'n mens nou maak?

Dink aan die wet wat die Here op Horeb gegee het.

- Hierdie wet en die verbond is sinoniem met mekaar.
- Daarmee saam kondig die Here aan dat Hy die profeet Elia sal stuur voordat die vreeslike dag van die Here aanbreek.

Dit is belangrik om te sien dat hier twee dinge saamgaan, naamlik die wet van die Here en 'n verteenwoordiger van die profete, naamlik Elia.

- Let ook op dat die profesie hier bloot gebruik word as inskerping van die wet.
- Die wegbereider van die Here is dus die aankondiger daarvan dat die Vervuller van die wet op pad is!

Die eerste saak is baie belangrik.

- Mens gaan die oordeel van die Here tegemoet met sy wet in jou hart en in jou hande.
- Die wet van die Here kan nooit losgemaak word van die prediking van die profete nie, want die wet het sy neerslag gehad in die lewe en prediking van die profete.
- Daarom kom daar saam met die vermaning om die wet van die Here te onderhou, die toevoeging dat die Here die profeet Elia sal stuur.
- Hierdie profesie gryp terug op wat in Maleagi 3:1 geskryf staan: Daar kom 'n boodskapper wat voor die Here uit die geleentheid voorberei vir sy koms.

Wie is hierdie Elia wat sou kom? Die ou Rabyne en 'n sekere groep van die Jode het dit so verstaan dat dit Elia self sou wees wat weer na die aarde toe sou terugkom. (Matteus 17:10; Johannes 1:21).

Die feit dat Elia spesiaal as verteenwoordiger van die profete en hulle prediking genoem word, is omdat Elia die eersteling Godgesant was wat 'n reeks profete voorgestaan het wat na hom gekom het.

- Daarby kom ook nog dit wat Gabriël vir Sagaria gesê het toe hy die geboorte van Johannes aangekondig het (Lukas 1:17):

En hy sal voor Hom (Jesus) uitgaan in die gees en die krag van Elia, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei. (Lukas 1:17 AFR1953)

Die Nuwe Testament laat ons met hierdie woorde die vervulling van Maleagi 4:6 sien in Johannes die Doper.

- Die uitdrukking **die profeet Elia** het dus gewys na 'n profetiese figuur in die toekoms.
- Eenkeer het Jesus oor Johannes die Doper gepraat en gesê:
. . . dit is hy van wie daar geskryf is: Kyk Ek stuur my boodskapper voor u aangesig wat u weg voor u uit sal regmaak. . . En as julle dit wil aanneem: Hy is Elia wat sou kom.
(Matteus 11:10, 14 AFR1953)

Vers 6 beskryf die inhoud van die arbeid van die wegbereider: Hy sal die harte van die ouers en kinders laat teruggaan na mekaar toe.

- Dit gaan dus oor die herstel van die verhouding tussen ouers en kinders.
- Die vraag is net: Watter soort verdeeldheid is dit wat die ouers en kinders uitmekaar gedryf het, en hoe vind die herstel in die gesin plaas?

Om die vraag te kan beantwoord moet ons teruggaan na Elia se tyd toe en gaan kyk wat daar in daardie tyd aan die gang was.

- In Elia se tyd was daar groot verdeeldheid in gesinne tussen ouers en kinders omdat dit 'n tyd was waarin baie jongmense met ongelowiges getrou het.
- Dit was 'n tyd waarin daar grootskaalse godsdienstige verdeeldheid ontstaan het – dink maar net aan Agab self wat met 'n heidin (Isebel) gaan trou het wat 'n aanbieder van Baäl en Asjera was.

Gesinsverdeeldheid was dus ten diepste 'n verdeeldheid wat ontstaan het tussen diegene wat nog aan die verbond van die Here vasgehou het en ander wat dit verwerp het.

- Die nadruk val dus daarop dat die volk formeel rondom die verbond begin versplinter en uitmekaar gespat het.
- Die voorganger van die Here sal hierdie versplintering weer regstel.

Met sy magtige gestalte was Elia die aankondiger van die goddelike oordeel oor 'n goddelose koningshuis, terwyl hy terselfdertyd geworstel het vir die behoud van die siel van sy volk (1 Konings 18:20-46).

Presies dit het gebeur in die prediking en persoon van Johannes die Doper.

- Die profesie van Maleagi was dus daarin vervul dat Johannes die Doper (soos Elia) weer die verbondsversoening tussen God en die volk herstel het.
- Daarmee het hy die hart van 'n goddelose nageslag weer in ooreenstemming gebring met die harte van die voorvaders met wie God die Here op Horeb sy verbond gesluit het.

Die vraag is nou: Waarom is hierdie verbondsherstel so geweldig belangrik?

- Omdat daar in Maleagi 2:12 geskryf staan dat die Here sy heilsbeloftes herroep het en begin het om sy oordeel oor die volk te voltrek.

Waar staan ons in hierdie proses?

- Dieselfde reëls geld vir ons as vir die destydse verbondsvolk.
- Deur bekering (toepassing van die wet van die Here) en gehoorsaamheid aan die totale Woord van God sal die mag van die sonde en die vloek van ons ongehoorsaamheid verbreek word.
- In die plek daarvan sal ons die kragtige eenheid van God se seën en sy verbond van verlossing oor ons belewe.
- In hierdie sin sal die harte van vaders en kinders weer terugkeer na mekaar toe.

Die vervulling daarvan het ons in die kruisverdienste van Jesus.

- Johannes het mos gepreek dat die byl teen die wortel lê.
- Die Here het gekom om te straf en om die mag van die hel te versplinter.
- Saam met hierdie donker mag gaan die Here Jesus ook die mag van almal wat saamspan met die magte van ongehoorsaamheid verdag.

Maar u moet net besef dat ons nie kan lewe met die verwagting dat die wegbereider vir die dag van die Here nog op pad is nie.

- Sy tyd het in die geskiedenis van Johannes die Doper verbygegaan.
- Daar bly nou net een ding oor – dit is die dag van die Here self.

Anders gestel:

- Al wat oorbly, is die dag van die wederkoms wanneer die oordeel van God 'n werklikheid word.
- Maleagi leer juis dat onbekeerlikheid die banvloek tot gevolg het oor die hele land en al sy mense.

Natuurlik val oordeel en verlossing saam – solank ons net onthou dat die verlostes juis hierdie dag nader in volle gehoorsaamheid aan die wet van die Here en met vaste vertroue in die verlossingsverbond van die Here.

- Veral ons wat lewe onder die versoening deur Jesus Christus, behoort ons ten volle aan die leiding van die Heilige Gees te onderwerp.
- As ons dit doen, voer die Here self ons terug in die toestand van volmaakte verlossing kragtens die verbond wat Hy bevestig het met die bloed van Sy Seun.

Onthou dat die wederkoms bokant al hierdie profesieë en beloftes uittoon.

- Op die Here se horlosie is dit die enigste van die genoemde sake wat nog in vervulling moet gaan.
- Kom ons gaan hierdie dag tegemoet met groot verwagting – in gehoorsaamheid aan al die bevele van die Here en met geloof in sy evangelie.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 68:2 (p. 331)

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 11 Julie 2010